



# **education**

**Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima  
Noord-Wes Departement van Onderwys  
North West Department of Education  
NORTH WEST PROVINCE**

**PROVINSIALE ASSESSERING**

**GRAAD 11**

**GEOGRAFIE V1**

**NOVEMBER 2019**

**PUNTE: 225**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 'n 10 bladsy-bylae.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.
2. Beantwoord SLEGS DRIE vrae van 75 punte elk.
3. Alle diagramme is in die BYLAE ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen die onderafdelings van vrae wat jy beantwoord.
5. Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Nommer die antwoorde in die middel van die reël.
8. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
9. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.
10. Beantwoord in VOLSINNE, tensy jy moet noem, identifiseer of 'n lys moet maak.
11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: DIE ATMOSFEER EN GEOMORFOLOGIE**

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling. Indien jy EEN vraag uit AFDELING A beantwoord, moet jy TWEE vrae uit AFDELING B beantwoord.

**VRAAG 1**

1.1 Kies uit die onderstaande lys 'n geskikte term wat ooreenstem met die definisie voorsien in. Skryf slegs die vraagnommer (1.1.1-1.1.7) en die term van jou keuse, byvoorbeeld 1.1.8 Geografie.

planetêre winde; isobaar; klimaatstreek; isoterm; front; insolasie;  
atmosferiese druk; sikloon; moesons; ewenaar, Geostrofiese vloei

1.1.1 Inkomende sonstrale.

1.1.2 Die krag wat teen 'n oppervlak uitgeoefen word deur die gewig van 'n kolom lug bo daardie oppervlak.

1.1.3 'n Gebied waarvan die temperatuur- en reënvaltoestande baie dieselfde is, en verskil van dié in ander gebiede.

1.1.4 Heersende winde wat die hele jaar oor groot dele van die aarde se oppervlak waai.

1.1.5 Die grens tussen lugmassas wat verskillende eienskappe het.

1.1.6 Teoretiese winde wat sal voortspruit uit 'n presiese balans tussen Corioliskrag en drukgradiënt.

1.1.7 Lyne wat plekke van dieselfde temperatuur verbind (7 x 1) (7)

1.2 Verwys na FIGUUR 1.2 om die volgende vrae te beantwoord. Skryf slegs die letter van die antwoord langs die vraagnommer in die antwoordeboek neer. Byvoorbeeld 1.2.9. E

1.2.1 Geërodeerde materiaal kan nie op hierdie hang versamel nie.

1.2.2 Die hang het gewoonlik 'n konvekse vorm.

1.2.3 Grondkruip vind hier plaas.

1.2.4 Hierdie hang word ook die puinhang genoem.

1.2.5 'n Laehoek konkawe hang.

1.2.6 Dit het 'n konstante hoek.

1.2.7 Die geskikste hang vir boerdery.

1.2.8 Die mees vertikale gedeelte van die hang. (8 x 1) (8)

- 1.3 Verwys na FIGUUR 1.3 wat die driesel-sirkulasie van die atmosfeer uitbeeld en beantwoord die vrae wat volg.
- 1.3.1 Waarom verwys meteoroloë na 'n driesel-atmosferiese sirkulasie? (1 x 1) (1)
- 1.3.2 Identifiseer die DRIE selle gemerk P, Q en R onderskeidelik. (3 x 1) (3)
- 1.3.3 Op watter breedtegraad ontwikkel die middelbreedte-siklone? (1 x 1) (1)
- 1.3.4 Waarvoor staan die afkorting *ITKS*? (1 x 1) (1)
- 1.3.5 Sal die *ITKS* by X, Y of Z voorkom? (1 x 1) (1)
- 1.3.6 Verduidelik enige TWEE weerstoestande wat by die *ITKS* sal voorkom. (2 x 2) (4)
- 1.3.7 Verduidelik hoekom die genoemde weerstoestande in vraag 1.3.6 by die *ITKS* sal voorkom. (2 x 2) (4)
- 1.4 Bestudeer FIGUUR 1.4 wat handel oor massabeweging en beantwoord die vrae.
- 1.4.1 Definieer die term *massabeweging*. (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Gee 'n bewys uit FIGUUR1.4 dat massabeweging plaasvind. (2 x 1) (2)
- 1.4.3 Verduidelik TWEE gevolge van massabeweging. (2 x 2) (4)
- 1.4.4 Skryf 'n enkele paragraaf van ongeveer AGT reëls waarin jy voorstelle maak wat die mens kan doen om massabeweging te voorkom. (4 x 2) (8)
- 1.5 Bestudeer FIGUUR 1.5 oor landvorme van massiewe indringing om die volgende vrae te beantwoord.
- 1.5.1 Onderskei tussen die begrippe *massiewe indringing* en *ekstrusie*. (2 x 1) (2)
- 1.5.2 Noem die tipe rots wat geassosieer word met indringings. (1 x 1) (1)
- 1.5.3 Benoem die diagram van **R** tot **V**. (5 x 1) (5)
- 1.5.4 Hoe verskil landvorm **R** van landvorm **V**? (2 x 2) (4)
- 1.5.5 Noem 'n intrusiewe landvorm waarvan die moedermateriaal die tors is. (1 x 1) (1)
- 1.5.6 Verduidelik hoe 'n intrusieplaat vorm. (1 x 2) (2)

1.6 Bestudeer die uittreksel in FIGUUR 1.6 oor verwoestyning in Afrika om die vrae hieronder te beantwoord.

- 1.6.1 Wat is *verwoestyning*? (1 x 1) (1)
- 1.6.2 Noem TWEE lande buite die Saharastreek wat 'n risiko is vir verwoestyning. (2 x 1) (2)
- 1.6.3 Beskryf EEN manier waarop mense tot verwoestyning bydra. (1 x 2) (2)
- 1.6.4 Verduidelik EEN gevolg van verwoestyning op die ekonomie van Afrika. (1 x 2) (2)
- 1.6.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, stel volhoubare maniere voor om verwoestyning in Afrika kan voorkom word. (4 x 2) (8)
- [75]**

## VRAAG 2

2.1 Kies 'n term in Kolom B wat by die beskrywing in Kolom A pas. Skryf SLEGS die korrekte letter (A–J) langs die korrekte vraagnommer (2.1.1– 2.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.1.9. K

KOLOM A	KOLOM B
2.1.1 Ekwatoriale laag	A. Geleë tussen 30° en 40° noord en suidvan die ewenaar
2.1.2 Maritieme lug	B. Lyne wat punte met dieselfde atmosferiese lugdruk verbind
2.1.3 Ruiming	C. Lug wyk af na links in die suidelike halfmond
2.1.4 Isobaar	D. Winde waai parallel aan die isobare
2.1.5 Energiebalans	E. Warm, vogtige winde waai na die ewenaar van albei halfmondtes.
2.1.6 Surplus energie	F. Vogtige lugmassas wat uit oseane ontstaan
2.1.7 Krimping	G. Ontstaan as gevolg van intense verwarming by die ewenaar
2.1.8 Geostrofiese winde	H. Die verhouding tussen die hoeveelheid hitte-energie ontvang en vrygestel
2.1.9 Passaatwinde	
2.1.10 Subtropiese Hoog	

(8 x 1) (8)

- 2.2 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer(2.2.1–2.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.2.8 Krimping
- 2.2.1 (Albedo/watertekort) word gedefinieer as 'n lae beskikbaarheid van water per kapita.
- 2.2.2 Die middel van 'n hoogdruk word 'n (sikloon/antisikloon) genoem.
- 2.2.3 (El Nino/La Nina) lei tot die wegbeweging van vis in die Stille Oseaan.
- 2.2.4 Die manier waarop die aarde se oppervlak hitte-energie vrystel na verskillende dele op 'n globale skaal word (sekondêre/primêre) sirkulasie genoem.
- 2.2.5 Isobare (verminder/vermeerder) na die middel van 'n laagdruk sel.
- 2.2.6 (Ferrel/Coriolis)-krag veroorsaak dat die windrigting afwyk van die verwagte rigting op die aardoppervlak.
- 2.2.7 Winde wat van die Subtropiese hoogdruk gordels na die Sub-polêre laagdruk gordels waai, word na (ooste/weste) winde verwys. (7 x 1) (7)
- 2.3 Verwys na die sketskaart van Afrika, FIGUUR 2.3, en beantwoord die vrae wat volg.
- 2.3.1 Benoem die seestrome by **A** en **B** onderskeidelik. (2 x 1) (2)
- 2.3.2 Tabuleer TWEE verskille van albei seestrome in die bogenoemde vraag. (4 x 1) (4)
- 2.3.3 Identifiseer die koudste oseaan. (1 x 1) (1)
- 2.3.4 Verduidelik kortliks die impak van seestrome **A** en **B**, op die klimaat van Suid-Afrika. Staaf jou antwoord met voorbeelde. (4 x 2) (8)
- 2.4 Verwys na FIGUUR 2.4 wat strukturele landvorme toon en beantwoord die vrae wat volg.
- 2.4.1 Identifiseer die soort rotstruktuur by **X** en **Y**. (2 x 1) (2)
- 2.4.2 Onderskei tussen landvorme **A** en **B**. (2 x 1) (2)
- 2.4.3 Landvorm **D** is 'n hellende (gekantelde) rotslaag. Noem die soorte hellings, wat by **1** en **2** onderskeidelik voorkom. (2 x 1) (2)
- 2.4.4 Watter helling (**1** of **2**) sal vinniger erodeer? (1 x 1) (1)
- 2.4.5 Skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik die betekenis van die strukturele landvorme in FIGUUR 2.4 vir die mens. (4 x 2) (8)

2.5 Bestudeer FIGUUR 2.5 wat onegalige verhitting van die atmosfeer toon.

2.5.1 Definieer die volgende terme:

a) *omwenteling*

b) *aardrotasie*

c) *parallellisme van die as*

(3 x 1) (3)

2.5.2 Watter seisoen word voorgestel deur beide **A** in die Noordelike halfrond en **B** in die Suidelike halfrond?

(1 x 2) (2)

2.5.3 Onderskei tussen 'n *ewening* en 'n *sonstilstand*.

(2 x 2) (4)

2.5.4 Op watter breedtegraad tref die direkte sonstrale die aarde by **A**.

(1 x 2) (2)

2.5.5 Beskryf die verskil in die lengte van die dag en nag op 21 Desember en 21 Junie

(2 x 2) (4)

2.6 Verwys na FIGUUR 2.6 wat Föhnwinde toon en beantwoord die volgende vrae.

2.6.1 Definieer die term *Föhnwinde*.

(1 x 1) (1)

2.6.2 Beskryf hoe adiabatiese afkoeling plaasvind van die voet van die berg tot aan die bokant van die berg.

(2 x 2) (4)

2.6.3 Verduidelik EEN rede waarom die lug droër is by **3**.

(1 x 2) (2)

2.6.4 Gee 'n bewys vanaf FIGUUR 2.6 dat die lug by **4** warm is.

(1 x 2) (2)

2.6.5 Verduidelik kortliks die impak van hierdie winde vanaf nommer **4** en verder afwaarts.

(3 x 2) (6)

**[75]**

**AFDELING B: ONTWIKKELING, HULPBRONNE EN VOLHOUBAARHEID**

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling. As jy EEN vraag uit AFDELING A beantwoord, moet jy TWEE vrae uit AFDELING B beantwoord.

**VRAAG 3**

3.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

3.1.1 Grond wat vir boerdery gebruik kan word. (weiding/bewerkbaar)

3.1.2 Ekonomiese aktiwiteite wat verband hou met opleiding, IT, data verkryging en navorsing. (tersiêre aktiwiteite/kwaterneêre aktiwiteite)

3.1.3 Die totale waarde van alle goedere en dienste wat vir geproduseer is in 'n jaar binne dienland se grense. (BNP/BBP)

3.1.4 Toerisme wat die plaaslike gemeenskap bevoordeel en skade aan die omgewing verminder. (pakkettoere/eko-toerisme)

3.1.5 Mense wat goedere op straat en in agterplaaswinkels koop en verkoop vir hulself. (informele sektor/informele nedersetting)

3.1.6 Plant van gewasse vir selfgebruik eerder as om te verkoop. (kommersiële boerdery/bestaansboerdery)

3.1.7 Een regering verleen hulp aan 'n ander regering. (multi-lateraal/bilateraal)

3.1.8 Groot maatskappy wat internasionaal handeldryf. (NRO/multi-nasionale korporasie)

(8 x 1) (8)

3.2 Sê of die volgende hernubare of nie-hernubare hulpbronne is. Skryf slegs hernubaar of nie-hernubaar langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer. Byvoorbeeld, 3.2.8 Hernubaar

3.2.1 Grond

3.2.2 Water

3.2.3 Olie

3.2.4 Lug

3.2.5 Minerale

3.2.6 Sement

3.2.7 Steenkool

(7 x 1) (7)



3.3 Verwys na FIGUUR 3.3 oor ontwikkeling en beantwoord die volgende vrae.

- 3.3.1 Wat beteken die term *ontwikkeling*? (1 x 1) (1)
- 3.3.2 Verduidelik die konsep *Volhoubare Ontwikkeling*. (1 x 1) (1)
- 3.3.3 Gee DRIE maniere waarop volhoubare ontwikkeling bereik kan word. (3 x 2) (6)
- 3.3.4 Stel TWEE redes voor waarom volhoubare ontwikkeling moeilik teen 2030 bereik sal word. (2 x 2) (4)
- 3.3.5 Noem DRIE millenniumdoelwitte. (3 x 1) (3)

3.4 Verwys na die spotprent in FIGUUR 3.4 wat gebaseer is op die rol van internasionale handel in die Suid-Afrikaanse ekonomie.

- 3.4.1 Wat is *internasionale handel*? (1 x 1) (1)
- 3.4.2 Noem die produk wat na Suid-Afrika in groot hoeveelhede ingevoer word. (1 x 2) (2)
- 3.4.3 Watter regeringsdepartement word verteenwoordig as die skeidsregter in die spotprent? (1 x 2) (2)
- 3.4.4 Verduidelik waarom die spotprent voorstel, dat die geveg nie aanskoulik, skoon en regverdig kan wees nie. (1 x 2) (2)
- 3.4.5 Hoekom word goedkoop invoere in Suid-Afrika toegelaat, ten spyte van die negatiewe gevolge op die ekonomie? (2 x 2) (4)
- 3.4.6 Stel TWEE moontlike maatreëls voor om Suid-Afrika se afhanklikheid van goedkoop invoere te verminder. (2 x 2) (4)

3.5 Bestudeer FIGUUR 3.5, wat gebaseer is op energie-opwekking en antwoord die volgende vrae.

- 3.5.1 Wat is 'n *wind turbine*? (1 x 1) (1)
- 3.5.2 Wat in die spotprent, dui daarop dat die turbines gestop het? (1 x 1) (1)
- 3.5.3 Wat is *beurkrag*? (1 x 1) (1)
- 3.5.4 Gee redes vir voortgesette beurkrag. (2 x 2) (4)
- 3.5.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek die impak van beurkrag op klein sake-ondernemings. (4 x 2) (8)

3.6 Verwys na FIGUUR 3.6 waar die spotprent voorwaardelike hulp uitbeeld.

- 3.6.1 Verduidelik *Humanitêre Hulp*. (1 x 1) (1)
- 3.6.2 Wat is term wat ryk lande wat hulp gee aan arm lande beskryf? (1 x 1) (1)
- 3.6.3 Noem EEN organisasie wat voorwaardelike hulp aan armlande gee. (1 x 1) (1)
- 3.6.4 Gee TWEE uitdagings wat armlande moet probeer oplos met die hulp wat hulle kry. (2 x 1) (2)
- 3.6.5 Dink jy dat die “krat van hulp” die armlande se probleme gaan oplos soos uitgelig in vraag 3.6.4? Gee ‘n rede vir jou antwoord. (2 x 1) (2)
- 3.6.6
- 3.6.7 Bestudeer wat die vrou in die spotprent oor gegewe hulp sê. Bespreek haar stelling krities. (4 x 2) (8)

[75]

#### VRAAG 4

4.1 Kies ‘n beskrywing uit Kolom B wat by die term of voorbeeld in Kolom A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 4.1.9 J

KOLOM A	KOLOM B
4.1.1 Nie hernubare hulpbronne	A. Koolstofdiksied, metaan en stikstofoksied.
4.1.2 Suurreën	B. Beskerming van ‘n spesie of habitat vir die toekoms.
4.1.3 Kweekhuis gasse	C. Besoedeling veroorsaak sure in die lug wat op die grond val as vloeistowwe, vastestowwe en gasse.
4.1.4 Preserveer	D. Kan nie vervang word nie.
4.1.5 Basiese behoeftes	E. Ekonomies meer ontwikkelde lande.
4.1.6 Die ‘suid’	F. Ekonomies minder ontwikkelde lande.
4.1.7 Beskerming	G. Rostow’s se model vir ontwikkeling.
4.1.8 Die ‘noord’	H. Behou gebiede op aarde onaangeraak deur mense in hul huidige toestand.
	I. Vereistes nodig om ‘n gesonde en produktiewe lewe te leef.

(8 x 1) (8)

- 4.2 Verwys na FIGUUR 4.2 en beantwoord die volgende vrae. Skryf slegs die letter vir die korrekte laag langs die vraagnommer in die ANTWOORDEBOEK neer. Byvoorbeeld: 4.2.8 G
- 4.2.1 Die moedermateriaal.
- 4.2.2 Hierdie laag word verwys na as die O-horison.
- 4.2.3 Eluviasie vind hier plaas.
- 4.2.4 Is die gedeeltelike verweerde materiaal.
- 4.2.5 Is die eintlike bogrond.
- 4.2.6 Ervaar die proses van logging.
- 4.2.7 Bepaal die soort grond wat vorm. (7 x 1) (7)
- 4.3 Verwys na FIGUUR 4.3 A, Rosa se dagboek en die kaart in FIGUUR 4.3 B en beantwoord dan die vrae wat volg.
- 4.3.1 Definieer 'n *transnasionale korporasie*. (1 x 1) (1)
- 4.3.2 Wat is 'n *hongerfabriek*? (1 x 1) (1)
- 4.3.3 Waar word 98% van Nike se skoeisel vervaardig? (1 x 1) (1)
- 4.3.4 Gee EEN rede waarom hierdie lande vir vervaardiging gekies is. (1 x 2) (2)
- 4.3.5 Waarom word 'n groot hoeveelheid Nike-produkte in Europa verkoop? (1 x 2) (2)
- 4.3.6 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik waarom globalisering nie Rosa se lewe verbeter het nie. (4 x 2) (8)
- 4.4 Bestudeer FIGUUR 4.4, 'n ontwikkelingsmodel.
- 4.4.1 Wat is 'n *ontwikkelingsmodel*? (1 x 1) (1)
- 4.4.2 Wat is die naam van die ontwikkelingsmodel wat in FIGUUR 4.4 getoon word? (1 x 2) (2)
- 4.4.3 Verduidelik die woord 'rand' met betrekking tot hierdie model. (1 x 2) (2)
- 4.4.4 Watter gebied in Suid-Afrika kan na verwys word as die "kern"? (1 x 2) (2)
- 4.4.5 Beskryf kortliks DRIE doelwitte van hierdie ontwikkelingsmodel. (3 x 2) (6)
- 4.4.6 Noem EEN rede waarom daar minder poste en dienste in die periferie is? (1 x 2) (2)

- 4.5 Na 1994, het die regering van SA meer strategieë ontwikkel om die verlede se ongelykhede reg te stel, een van dit was HOP. Lees die uittreksel in FIGUUR 4.5.
- 4.5.1 Waarvoor staan die afkorting *HOP*? (1 x 1) (1)
- 4.5.2 Volgens die uittreksel, wat was die doel van HOP? (1 x 2) (2)
- 4.5.3 Hoe het die regering beplan om sy doelwitte te bereik? (2 x 2) (4)
- 4.5.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, evalueer of HOP suksesvol was, indien nie, noem strategieë wat geïmplementeer kan word en indien ja, bewys met voorbeelde. (4 x 2) (8)
- 4.6 Bestudeer FIGUUR 4.6 A en B oor landbou en beantwoord die volgende vrae.
- 4.6.1 Pas die foto's **A** en **B** onderskeidelik by bestaans- en kommersiële boerdery. (2 x 1) (2)
- 4.6.2 Wat is *voedselsekerheid*? (1 x 1) (1)
- 4.6.3 Verduidelik strategieë wat die regering in plek kan stel om voedselsekerheid te bevorder. (2 x 2) (4)
- 4.6.4 Bespreek TWEE rolle van landbou in die ekonomie van SA. (2 x 2) (4)
- 4.6.5 Verduidelik TWEE probleme wat landbou in Suid-Afrika affekteer. (2 x 2) (4)

**[75]****TOTAAL: 225**